

16 Junie

Skrifgedeelte: Esra 5 en 6
Fokusgedeelte: Esra 5:1,5

God se wakende oog

Die verhinderde bouwerk aan God se tempel word na sewentien jaar hervat en word sonder verdere terugslae binne vier jaar voltooi (6:15). Waaraan is hierdie wonderwerk toe te skryf? As alles op die kerkwerf oënskynlik doodgeloop het, wie sal dan weer die momentum van God se koninkryk sigbaar maak? Esra 5-6 skryf dit toe aan God "wat sy oog oor die Judese leiers hou" (5:5).

Leierskap is dus baie belangrik in God se koninkryk. Ons moet daagliks bid dat God in elke gemeente gawes van leierskap sal gee. Ons moet aan hierdie leiers (ten spyte van hulle gebreke) ons volle samewerking gee, want God werk deur hulle. Ook ons kerk het leiers nodig wat nie in toewyding verslap nie, maar die Here *GEES*-driftig dien (Rom 12:11).

Maar selfs die mees bekwame leiers kan net slaag as God sy oog oor hulle hou. Wat beteken dit? Hier is twee voorbeelde: Moses vertel hoe die Israeliete gedurende die woestynreis suksesvol in hulle ondernemings was, omdat God sy oog oor hulle gehou het (Deut 2:7). Dawid vertel in Psalm 32 dat God sy oog oor 'n mens se lewe hou deur jou raad te gee (Ps 32:8).

Wie dus momentum en suksesvolle dinamika op die kerkwerf wil sien, moet onder God se wakende oog begin lewe. Om onder God se OOG te lewe moet jy egter eers jou ORE oopmaak vir God se raad! Ook in ons Skrifgedeelte word die Woord eers verkondig (Haggai en Sagaria) en dan kom die bouwerk daarna weer op koers (5:1).

Sing: Psalm 4:3,4

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)